http://lexikos.journals.ac.za

# 'n Woord van AFRILEX

Volgens 'n ou Kaapse gesegde is 'n vakvereniging sonder 'n eie tydskrif soos 'n spook sonder 'n laken. AFRILEX is dankbaar dat *Lexikos* aan ons vereniging volwaardige en omvattende spookstatus gee. Sedert sy stigting in 1995 is AFRILEX gekenmerk as 'n vereniging wat verskeidenheid vertoon. Dit is merkbaar aan sy lede wat 'n mengsel van teoretiese leksikograwe, praktiese leksikograwe en ander leksikografies geïnteresseerdes is, afkomstig uit Suid-Afrika, elders uit Afrika en uit verskeie lande buite Afrika. Die verskeidenheid is ook sigbaar wat betref die inhoud van die jaarlikse kongresprogramme waar onderwerpe van uiteenlopende aard bespreek word. Die aard van die leksikografiese bedrywighede van ons lede, die projekte uit alle sfere van die leksikografiese praktyk en die verskillende, en dikwels opponerende, teoretiese denkrigtings vertoon ook hierdie verskeidenheid. Dit is vir AFRILEX belangrik dat ons tydskrif 'n soortgelyke verskeidenheid moet weerspieël. Vanjaar se *Lexikos* doen presies dit en doen dit met sukses. Die temas wat in die artikels behandel word, die herkoms van die medewerkers maar ook die verskeidenheid onderafdelings in hierdie nommer van *Lexikos* ondersteun die beginsel van verskeidenheid. Hierdie verskillende onderafdelings maak dit ook moontlik dat die bestek van die leksikografiese verslaggewing aansienlik verbreed word. AFRILEX waardeer die mate waarin so baie leksikografies geïnteresseerdes bydra tot ons tydskrif maar waardeer eweneens die sorg waarmee die redakteur, dr. J.C.M.D. du Plessis, en me. Riette Ruthven daarin slaag om daardie bydraes te kies wat die publikasie van 'n tydskrif van internasionale gehalte verseker.

Die eerste nommer van *Lexikos* wat in 1991 verskyn het, is opgedra aan mnr. D.C. Hauptfleisch wat aan die einde van daardie jaar as Hoofredakteur van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (WAT) afgetree het. In die huidige nommer van *Lexikos* word daar weer eens 'n bydrae aan mnr. Hauptfleisch gewy — 'n huldeblyk hierdie keer, aangesien hy vroeër vanjaar oorlede is. AFRILEX huldig hom ook en erken graag sy bydrae tot die Afrikaanse leksikografie maar ook sy gretigheid om te help om 'n meer algemene leksikografiese gesprek in Suid-Afrika te bewerkstellig.

R.H. Gouws
President

http://lexikos.journals.ac.za

# A Few Words from AFRILEX

According to an old Cape saying a scientific association without its own journal is like a ghost without a sheet. AFRILEX appreciates the fact that *Lexikos* awards our association full and comprehensive ghost status. Since its establishment in 1995, AFRILEX has been characterised as an association displaying diversity. This is noticeable in its membership, consisting of a mixture of theoretical lexicographers, practical lexicographers and other lexicographically interested people, coming from South Africa, other countries in Africa and several countries outside Africa. The diversity can also be seen in the contents of the annual conference programmes where topics of a diverse nature are discussed. The nature of the lexicographic activities of our members, the projects from all spheres of the lexicographic practice and the different, often opposing, theoretical schools of thought also display this diversity. For AFRILEX, it is important that our journal should reflect a similar diversity. This year's *Lexikos* does exactly this and does it successfully. The topics treated in the different articles, the origin of the participating authors but also the variety of subsections in this issue of *Lexikos* support the principle of diversity. These different subsections also make it possible that the scope of the lexicographic coverage is considerably enlarged. AFRILEX appreciates the way in which so many lexicographically interested people contribute to our journal but we also appreciate the care with which the editor, Dr J.C.M.D. du Plessis, and Ms Riette Ruthven manage to select those contributions that ensure the publication of a journal of international quality.

The first issue of *Lexikos*, published in 1991, was dedicated to Mr D.C. Hauptfleisch who retired at the end of that year as Editor-in-chief of the *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (WAT). In the current issue of *Lexikos,* a contribution is yet again devoted to Mr Hauptfleisch — a tribute this time, because he passed away earlier this year. AFRILEX also honours him and gladly acknowledges his contribution to Afrikaans lexicography but also his eagerness to assist in establishing a more general lexicographic discussion in South Africa.

R.H. Gouws
President